TANQUA Voere

MEI 2015
TEGNIESE BULLETIN

Tanqua Ontvangs 028 261 1519
www.tanqua.net | admin@tanqua.net

DIE ROL VAN FOSFAAT IN PRODUKSIEDIERE

Die Suid - Kaap is een van die streke wat baie arm is aan natuurlike fosfate. Wanneer daar noukeurig gekyk word na vitamiene- en minerale-behoeftes, dan is fosfaat dikwels die mees algemene mineraal-tekort in Suid Afrika, en dit speel 'n kritiese rol in 'n reeks van metaboliese prosesse wat uiters belangrik is vir optimale produksie.

Wat die probleem vererger is die feit dat grond wat ryk is aan yster, kalsium en aluminium (veral yster) tot 'n groot mate verhoed dat die bietjie fosfaat wat wel in die grond voorkom deur die dier se liggaam opgeneem word. Ons streek gaan ook gereeld gebuk onder lang periodes van droogtes wat verder mag lei tot lae vlakke van fosfaat in plante.

Veeboere is dikwels onder die indruk dat fosfaat aanvullings net in somermaande gegee moet word, maar dit is veral noodsaaklik gedurende die winter wanneer weiding volop is, en benewens dit kan baie reën ook lei tot uitloging van fosfaat in die grond. Alhoewel ons natuurlik baie dankbaar is vir die reën, is dit belangrik om aan die fosfaat-tekort aandag te gee, want dit is een van die groot oorsake vir swak groei en swak voeromset veral by diere in laktasie, asook vir lae vrugbaarheid. Skape toon dikwels ook tekens van swak bene en neig ook om ou bene te vreet, wat dan lamsiek ten gevolg kan hê. In die algemeen sal 'n fosfaat-tekort ook die groei van jong diere ernstig strem.

Alhoewel die aankope van ander boere by SSK of Overberg Agri 'n aanduiding kan wees vir die heersende tekorte en die nodige aanvullings, is dit raadsaam vir boere om 'n voedingsdeskundige te raadpleeg om vas te stel wat die beste sal wees vir hul eie veldtoestande en die vee waarmee hul boer.

Tanqua en Westbury het voedingkundiges en verkoopspersoneel wat die aanwending van lekblokke verstaan. Daar is basiese riglyne om aanvullende voeding reg toe te pas, en met behulp van lekblokke kan unieke tekorte van verskillende veldtoestande aangespreek word.

Die mees algemene lekke wat in wintermaande gegee word is fosfaatlekke en energielekke. Op groen weiding het fosfaatlekke byna dieselfde uitwerking as 'n groeistimulant. 'n Boer kan dus verwag om beter resulate te kry sodra die weiding in kwaliteit toeneem. Dit is egter ook belangrik om bewus te wees van die verskille in behoeftes tussen skape en beeste. Skape selekteer plante wat ryker is aan fosfaat en hierdie gedrag veroosaak dat hul behoeftes, en gevolglike innames op laer vlakke as die van beeste mag wees.

Die Westbury blok-reeks vir skaap en die blok-reeks vir bees, maak voorsiening vir die verskil in behoeftes tussen die twee spesies, en die aanbevelings vir inname-vlakke variëer dan ook dienooreenkomstig.

Die aanbeveling vir beeste is tussen 100 en 200 gram per dag, en vir skape is dit tussen 25 en 40 gram per dag.

Westbury Supplement Feeds

Westbury Blok-Reeks

Nou in Koöperasies beskikbaar.

Westbury Proteïen Blokke
Onderhoud op verswakte weiding / droë veld; stoppellande; lae gehalte ruvoer

Westbury Energie Blokke
Vir verhoogde produksie; groenveld; agteruitgaande weiding en algemene energietekort; prikkelvoeding.

Westbury Mega Wol / Mega Bees Blokke
Wolgroei; algemene groeiversnelling; prikkelvoeding; tydens dragtigheid; verhoogde melkproduksie en handhawing van kondisie tydens laktasie.

Westbury Fosfaat Blokke
Vir algemene produksie veral op groen veld en weiding waar fosfaat gewoonlik 'n beperkende faktor raak. Baie belangrik om gesonde groei te verseker en kondisie te behou.

Westbury Speenlam en Speenkalf Booster Blokke
Algemene produksie en groei-aanjaer vir speenlammers en speenkalwers; krale met hoë gehalte ruvoer en kuilvoer; prikkelvoeding; kruipvoer (ouer as 1 maand); lakterende diere.

Kontaknommers:
Dr. Tanja Calitz 082 054 1364 | Wiehan Visagie 084 422 1558 | Andre Steenkamp 082 851 6212 | Paul Cornelissen 071 935 4489